**Gereformeerde gemeente Lyttelton**
**Jaargang 40 nr. 32**
**Sondag, 27 September 2026**

# Die Koerier

**Gemeentekamp**
**23-25 Oktober**
**Nagmaal 15 Nov**
**Kerssangdiens**
**22 November**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

Besoek ons webwerf by **www. gklyttelton.org.za** vir preke en inligting

Stuur alle gemeentenuus of advertensies na grietswan21@gmail.com




**300 g Ribs & chips**
**25 SEPTEMBER**
**17:00**
**Bestel per whatsapp by Griet. Bestel so gou moontlik.**
**Tel. 083 746 2646**

**R85**

**Basaarinkomste vir 2026**

Ons wins na alle uitgawes gedek is **R140 000. Dank aan ons kassier wat al die Yoko's moes ontsyfer.** Dit is ons beste basaar ooit. Ons is diep dankbaar vir al ons seëninge!

## Lees binne...

- **Preekinligting**
- **Verjaarsdae**
- **Meelewing**
- **Katkisasieblad**
- ***"cupcakes for CANSA"***
- **Nuwe beskuitbakspan**

**Gemeentekampvergadering**
**Maandagaand:** 28 Sept 18:00
Waar: Pastorie.
Daar sal 'n vuurtjie wees.
Bring 'n vleisie en drinkdingetjie.

__Volgende kwartaal__

- **Gemeentekamp**
  **23-25 Okt**

**Interessante feite uit Rigters**

- Voorbereiding 8 Nov
- Sensura Morum 11 Nov
- Breë kerkraad 18 Nov.
- Nagmaaldatum 15 Nov
- Kerssangdiens 22 Nov
- Silwerkrone-ontbyt
  24 Nov



**"Kom drink tee!"**
**Susters nooi julle vriendelik uit om na die diens om by die Dopperdraai te kuier. Daar is koffie en beskuit.**

**Inligting oor Botswana sendinggroep—sien webwerf www.botswanasending.co.za of kontak Tiddo Voogt vir navrae.**

**Sondag, 27 September 2026**

Vandag sluit die reeks af van Openbaring waarna ons die afgelope maande geluister het.
Ons wil ons leraar van harte bedank vir hierdie reeks. As gemeente het ons geweldig waardering vir die wyse waarop die Woord so duidelik vir ons gebring is. Ons verstaan soveel meer hoe dit gaan lyk as die poorte van die hemel eendag vir ons oopgemaak gaan word. Die troos van die bewaring van die kerk te midde van 'n egosentriese wêreld. En die rampspoedige einde van almal wat Christus nie erken het as hulle enigste Verlosser nie.

**Voorsang:**

Ps. 121:1,2,3,4 SB: 3-1:1,2,3; SB: 5-4:1,2,3,5,6

**9:00 Erediens gelei deur ds. Christo**

**Lees:** Openbaring 22: 6-21

**Teks:** Gelese gedeelte

**Tema: God sluit die tye af deur die waarheid van die wederkoms te bevestig.**

**Hoofpunte:**

1. Die bevestiging van die waarheid deur die engel.
2. Die bevestiging van die waarheid deur Jesus.
3. Die bevestiging van die waarheid deur die kerk.

**Sing:**

Psalm 33:2,7

SB. 12-3:1,2

Psalm 86:6

Ps. 105:5

SB: 7-2:1,2




**Ons gemeente ontvang in 2027 weer 'n teologiese student**

Dis met groot afwagting wat ons volgende jaar weer 'n teologiese student vir drie weke gaan tou wys maak in sy gemeentepraktes.

**Prieur du Plessis** sal in die gemeente leiding ontvang op alle terreine van gemeentebou en prediking.
Hy sal hier wees vanaf 18 Januarie tot 8 Februarie.

# Meelewing

**(met dank aan Trudie Grobbelaar)**

**Baie welkom terug …**

Koos en Gerda van der Walt vanaf Nederland wat daar vir die afgelope by hulle kinders gekuier het.

**Innige meegevoel**

Ons innige meegevoel met Mari Coetzee en familie met die heengaan van haar pa, Dr. André Grove (emeritus ) op Vrydagoggend. Hy was die afgelope weke in intensiewe sorg.

**Ons dra die volgende persone aan die Here op:**

**Henry Engelbrecht:** Hy het skeurtjies in die ligament van sy linkerskouer opgedoen wat baie pynlik is. Hy kan nie geopereer word nie en ons bede is dat dit mettertyd heeltemal sal genees.

**Dirk van Rooy:** Hy het probleme met die bloedtoevoer na sy linker- onderbeen, as gevolg van 'n bloedklont. Ons bede is dat die medikasie wat hy nou gekry het, die probleem sal oplos.

**Alta Venter:** Sy word al hoe swakker en slaap al hoe meer weens Parkinson se siekte. Haar krag word so min dat sy glad nie meer alleen kan opstaan as sy lê of sit nie. Ons bid vir haar en Hennie baie sterkte toe.

**Tjaart en Nellie Coetzee:** Hulle seun wat in Mosambiek woon, het 'n hartaanval gekry en moes van daar af met ambulanse vervoer word na UNITAS toe. Daar moes hy drie stente kry. Boonop word daar volgende Donderdag 'n biopsie van 'n groot vergroeisel op sy skildklier, naby sy hoofslagaar, gedoen. Ons bid saam met Tjaart en Nellie en hulle hele familie dat hy totaal sal genees.

**Ons dra ook die volgende lidmate aan ons hemelse Vader op:**

Almal wat weens ouderdom eensaam en siek is en moeilik beweeg;
almal wat herstel na groot operasies;
almal wat herstel na griep en bronchitus;
almal wat baie pyn verduur weens chroniese siektes;
almal wat finansieel swaar kry.



**Met dank aan Adelle Drenth wat die Katkisasieblad opstel.**

# Katkisasie Nuus

27 September 2026




Psalm 1:3
So iemand sal wees soos 'n boom geplant langs watervore, wat sy vrugte op sy tyd gee en waarvan die blare nie verdor nie. Alles wat hy aanpak, gedy.

Aan ouers:
Om ons jong bome te laat groei, konsentreer die volgende week nog op die SAGMOEDIGHEID vrug aan ons jong bome.







## Geen katkisasie op 27 September nie.
## Dit is skoolvakansie!

**Daar is 'n vakansie aktiwiteit op die whatsApp groepies gelaai vir die wat verveeld is.**

| | |
|---|---|
| 23 September | Skole sluit |
| 27 September | Skoolvakansie - Geen katkisasie |
| 4 Oktober | Skoolvakansie - Geen katkisasie |
| 11 Oktober | Les 26; Ps. 19:1; HK Sondag 51-52 |
| 18 Oktober | Les 27-28; Ps. 19:1 |
| 25 Oktober | Kerkkamp - Geen katkisasie |
| 1 November | Katkisasie Hersiening Gr1-6; kersliedere |
| 8 November | Oefen vir kersprogram; kersliedere |
| 15 November | Nagmaal - Geen katkisasie |
| 22 November | Kersprogram |




# Wie verjaar?

| Noemnaam | Van | Verjaardag | Ouderdom | Wyk | Selfoon |
|---|---|---|---|---|---|
| Charine | Erasmus | 09/27 | | 06 | `072 7998 514 |
| Abrie | Ackerman | 09/29 | | 07 | `082 5641 618 |
| Heidi | Moolman | 09/29 | | 18 | `079 7663 038 |
| Aldo | Nortje | 09/29 | 11 | 21 | `071 6100 497 |
| Samuel | Van der Merwe | 10/03 | 10 | 16 | `082 9017 859 |

**Sondag: 27 September 2026**

**Diensbeurte:**

**Kerkraad: Wyke 14&15**

**Susters: Wyke 14&15**

**Diakonie:** Diens van barmhartigheid

***(Snap scan gekoppel aan die Diakonie se rekening)***

⇒ ***Deurkollekte: Kerkkas***

⇒ ***Sending:*** *Bussies agter by die deur van die kerk*

*Botswana sending*

Snap here to pay

SnapScan

# Ons kerktuin …

**Baie dankie aan Olaria Erasmus en Tharina Vogel** wat ons kerkterrein onder hande geneem het en dit weer opgeknap het.

Dank aan ons koster, George Lee wat ook die terrein skoon en netjies hou.

Ons tuin lyk pragtig en ons is opreg dankbaar vir elkeen se tyd, bydrae en opoffering.

# Kerksaalbesprekings: 2026

**(Bespreek die kerksaal en geriewe by Griet Swanepoel tel. 0837462646)**

**Akademia musiekblyspel oefen die volgende tye in ons kerksaal**

**- Vrydag, 25 Sep: 08:00-10:00**

**- Saterdag, 26 Sep: 08:00-16:00**

**- Maandag, 28 Sep: 17:30-19:30**

**- Dinsdag, 29 Sep: 17:30-19:30**

**Donderdag, 8 Oktober—Akademia kerkgebou & klein kombuis vanaf 8 uur**

**Donderdag, 8 Oktober— Andries Voogt (braai-area)**

**Dinsdag, 24 November—Silwerkrone jaarafsluiting**

# Gemeentekamp 2026

# 23-25 Oktober



**Baie luukse akkomodasie— nie te ver om te ry nie en ook net 'n klein stukkie grondpad.**

Wildsritte, lugversorging, privaat slaapgeriewe, skoon, netjiese en private badkamers, groot kombuis en koelgeriewe. Alles wat 'n kamper benodig is daar. Moet dit nie mis nie.

**Koste: R700 p/persoon**

**Koste vir kampers: R600 (Karavane en tente) p/persoon**

**Dis 'n kamp vir oud en jonk!**

**(Laerskoolkinders gratis)**

**Bespreek by Hardus tel: 071 330 4579**

**Elfrieda tel: 082 707 5516**

**Tema**: **<u>God gebruik gebroke mense om groot dade te doen.</u>**

**Bybelboek**: Rigters

**Aktiwiteite:** jukskei, veerpyltjies en vele meer.

Kinders speel heeldag—swembad, trampoline ens.

**Vrydagaand**: bring eie braaivleis en drinkgoed (bykosse word verskaf).

**Spoke:** Jy ontvang 'n "spook" wat jy moet bederf met klein geskenkies. So pak 'n paar geskenkies in.

Daar word 'n reuse brunch en aandete aangebied.

Daar is koelgeriewe en ys te koop.

Ouers kan snoepgoed vir die kinders saam vat.

Al die swem maak hulle baie honger en dors.

Daar is ook 'n klein winkeltjie wat koeldrank ens. verkoop.

# Interessante feite uit die boek Rigters

## (Ter voorbereiding vir die kamp)

Hier is **interessante, vreemde en minder bekende feite** uit die boek Rigters wat wys net hoe uniek, chaoties en propvol aksie hierdie spesifieke tydperk in Israel se geskiedenis was.

### 1. Die sluipmoord op die vetste koning in die Bybel

Koning Eglon van Moab was volgens Rigters 3 geweldig vet. Die rigter Ehud, wat **linkshandig** was, het 'n kortswaard aan sy *regterheup* weggesteek (waar die wagte dit nie verwag het nie). Toe hy die koning alleen kry, het hy die swaard so diep in Eglon se maag gesteek dat die vet heeltemal oor die handvatsel toegegroei het en Ehud dit nie weer kon uittrek nie.

### 2. Die dapper vroue wat die "eer" gekry het

In die antieke wêreld was dit vir 'n generaal die grootste skande om deur 'n vrou doodgemaak te word. Tog gebeur dit twee keer in Rigters:

- **Sisera**, die weermagleier, word deur **Jael** met 'n tentpen deur sy slaap vasgekap terwyl hy slaap (Rigters 4).

**Abimelek** (Gideon se bose seun) se kopskedel is deur 'n vrou gekraak toe sy 'n boonste meulsteen by 'n toring afgegooi het. Hy was so skaam hieroor dat hy sy wapendraer gesmeek het om hom met 'n swaard deur te steek sodat mense nie kon sê 'n vrou het hom doodgemaak nie (Rigters 9:53-54).

### 3. Die wagwoord wat jou lewe gekos het: *Sjibbolet*

In Rigters 12 was daar 'n burgeroorlog tussen die Gileadiete en die Efraimiete. Om die vlugtende vyande te vang, het die Gileadiete vir almal by die Jordaanrivier gevra om die woord **"Sjibbolet"** (wat *aar* of *stroom* beteken) uit te spreek. Omdat die Efraimiete nie die "sj"-klank kon uitspreek nie, het hulle **"Sibbolet"** gesê. As jy dit verkeerd uitgespreek het, is jy op die plek doodgemaak—42 000 Efraimiete het so gesterf!

### 4. Simson se eko-oorlogvoering

Toe Simson wraak wou neem op die Filistyne, het hy nie net self gaan veg nie. Hy het **300 jakkalse** (of jakkalsagtige diere) gevang, hulle sterte twee-twee aanmekaar vasgemaak met 'n brandende fakkel tussen-in, en hulle in die Filistyne se graanlande, wingerde en olyfboorde ingejag. Dit het hul hele oes vir daardie jaar vernietig (Rigters 15).

### 5. God se weermag-keuringsproses: Die "Hond-metode"

Toe Gideon met 32 000 manne teen die Midianiete wou veg, het God gesê die leër is te groot. Na 'n eerste eliminasie was daar 10 000 oor. God het hulle toe laat water drink by 'n spruit. Diegene wat op hul knieë neergeval het om direk met hul monde uit die water te drink, is huis toe gestuur. Slegs die **300 manne wat die water met hul hande na hul mond toe opgelek het** (soos 'n hond lek, terwyl hulle fyn dopgehou het vir gevaar), is gekies om te veg (Rigters 7).

### 6. Die ryk rigters en hul donkies

In daardie tyd was donkies 'n simbool van status en rykdom (soos om vandag 'n luukse motor te ry).

- Die rigter **Jaïr** het 30 seuns gehad wat op 30 donkies gery het en oor 30 stede geregeer het (Rigters 10:4).

Die rigter **Abdon** het 40 seuns en 30 kleinseuns gehad wat op 70 donkies gery het (Rigters 12:14).

### 7. Die sirkel van chaos

Die hele boek Rigters kan opgesom word in 'n deurlopende sirkel (siklus) wat homself **7 keer** herhaal:

Israel doen wat verkeerd is → 2. God laat 'n vyand hulle onderdruk → 3. Israel roep om hulp → 4. God stuur 'n rigter om hulle te red → 5. Daar is vrede solank die rigter leef → 6. Die rigter sterf → 7. Israel doen *weer* wat verkeerd is

**‘n Klein ietsie wat ons na aan die hart lê…**

❤️




Jean & Louise het besluit om hierdie September iets besonders te bak — nie net om iemand se dag ’n bietjie soeter te maak nie, maar ook om ’n verskil te maak in die lewens van kinders wat deur kanker geraak word.

- Ons bak pragtige **sonneblom-kolwyntjies teen R35 elk**, waarvan **R10 van elke kolwyntjie wat verkoop word aan CANSA geskenk word.**
- Ons het net **10 dae** om ons doelwit van **300 kolwyntjies** te bereik — wat beteken dat ons **R3 000 aan CANSA** kan skenk!
- En as ons nóg meer kan verkoop, is dit selfs beter!
- Kom wees asseblief deel van hierdie klein uitdaging.
  **Koop ’n kolwyntjie, deel ons boodskap en vertel ’n vriend.**
- Elke kolwyntjie maak ’n verskil.
- 🌻 **Kom ons bak hoop, een kolwyntjie op ’n slag.**

📲

**Bestellings:** Via die Roosthaven Deli-toepassing of WhatsApp ons.
**https://roost-haven-eats.base44.app/**
**Louise: 082 875 7667**




Bettie Laubscher
ERVARE
NAALDWERKSTER
076 897 0808
Hennopspark,
Centurion


WE TURN YOUR
JUNK
INTO CASH!
RECYCLING
JUNKIES
WE BUY
WE PAY CASH!
WE DO PICK UPS!
WE BUY SCRAP METAL
WE BUY OLD BATTERIES
WE BUY USED OIL
WE BUY OLD ELECTRICAL APPLIANCES
WE WEIGH ALL ITEMS ON YOUR PREMISES
FERROUS AND NON FERROUS METALS
OUR SERVICE AREAS:
PRETORIA
HARTIES
BRITS
MOOI NOOI
RUSTENBURG
CALL US TODAY!
081 331 1937
061 385 3748
WE PAY CASH! ON THE SPOT!
FAST SERVICE! NO WAITING!
HONEST WEIGHTS! FAIR PRICES!
BEST PRICES! GUARANTEED!
CLEAN TODAY. GREEN TOMORROW.


Designer Water
BENEFITS OF ALKALINE WATER PH10
1.WEIGHT LOSS
2.HYDRATION
3.DETOXIFICATION
4.BRAIN HEALTH
5.MUSCLE & JOINTS
6. ENERGY LEVELS
7.HEALTHY SKIN
8.LIVER HEALTH
9.GOOD DIGESTION
ALKALINE IONIZED WATER
PH 10
KONTAK GEORGE LEE 0827785511


GEORGE LEE
0827785511
GLEE494@GMAIL.COM
VALHALLA, GAUTENG
DESIGNERWATER.CO.ZA


WYS JOU VLEIS
SAAMSIT & ASPRIS GEE...
'n Storie met hart. 'n Projek wat omgee.
Met elke Bont Braaipap ondersteun ons die NG welsynsprojek Muil vir 'n Myl.
Muil vir 'n Myl
AFGRI
NGW
BONTPAP
WYS JOU VLEIS
Saamsit & Aspris GEE...
5lb BONT BRAAIPAP
Vuur, Vriende, Kuierkos
Help bou 'n beter môre, bakkie-vir-bakkie.
Bestel nou via WhatsApp
084 692 6995
WYS JOU VLEIS
Dis nie net 'n braai nie. Dis 'n leefwyse.


RUDI
+27 63 626 4958
EK KYK MOOI NA U HUIS EN/OF DIERE.
Gemoedsrus as u moet weggaan.
Billike pryse
Betroubaar
Lief vir diere
MY DIENSTE SLUIT IN:
Oppas van u huis.
Versorging van u diere.
Enige omgewing in Gauteng.
Slegs R250 per dag vir die 1ste dag. Daarna R200 per dag.
Etes uitgesluit by kostes.
Moet asb voorsien word indien oorslaap.

**Pluimbal**

Alle belangstellendes kom kuier.

Elke Maandagaand by die Gereformeede Kerk

Lyttelton   kerksaal.

Vanaf 17:00 tot 20h00

Laat Jacobus  Pohl weet by tel. 066 241 5534

As jy deel van die groep wil wees.



**Voorstelle vir projekte vir die  fondse vir die saamtrek:**




Donasies vir die Saamtrek

Plaas dit Sondae in die houer op die kerk se verhoog

**Juniemaand:**

Toiletpapier

Handdoekrol

Tissues (klein verpakking)

**S.O.S**

**Ons benodig weer gehekelde blokkies vir ons omgeekomberse 15x15 cm, ons sal dit aanmekaar hekel.**

**'n Volledige kombers groter as 'n kniekombers wat aaneen gehekel of gebrei word is ook perfek.**



**Versoek vir koekies en beskuit vir die President Kruger Kinderhuis**

Ons versoek om hulle weer te bederf met koekies en beskuit tydens die aand studietyd. Plaas jou bydrae aan die Kinderhuis in die krat op die verhoog. Vir navrae:

**Zero Ache-rol van Annique**

Spesiale aanbieding

**R169**

Ideaal vir spierpyne, nekspasmas en vele meer!

Kontak Griet by tel. 083 746 2646






**Daar is 'n nuwe beskuitspan** wat beskuit bak sodat ons Sondae beskuit kan kry by die tee.
Baie dankie aan die nuwe span wat maandeliks spesiaal vir ons gemeente se Sondae gaan bak.
.Skakel vir Sonja du Toit tel: 082 700 7524
as jy wil kom help.
Hulle begin op Woensdag, 7 Oktober te bak.



**Heuning te koop**

**@ R85 'n botteltjie**

**Kontak:**

**Magda / Harm**

**Tel. 082 413 9285**






**Diere—" care taker" met jarelange ondervinding**

**Ronnie Venter is nou weer beskikbaar om haar vorige passie uit te leef. Sy is 'n ervare oppasser met verwysings.**

**Sy kan ook inslaap om na die**

**diere om te sien indien verlang.**

**Fooie is onderhandelbaar**

**Kontak haar op haar <u>nuwe</u>**

**<u>nommer by tel. 075 305 3199</u>**








# Saam is ons sterker …

# (Adverteer in die Koerier—dis gratis)

**ALTOKLEEN**: Skoonmaak van matte, meubels (leer en materiaal), matrasse, vensters, geboue, kantore, store en huise. Kontak Hennie Venter by tel. 082 395 6449

**ANNIQUE**: Kontak Griet Swanepoel by 083 746 2646.

**AVROY SHLAIN:** Annetjie Nordan by tel. 083 292 0720

**AVON**: Kontak Marianne van Rooyen by 071 538 9788.

**BORDUURWERK:** Karien Venter by tel. 082 325 5466

**dOTerra– essential oils:** Magda van Staden by tel. 083444 9307

**GRAFIESE ONTWERPE:** benodig jy 'n logo of enige vorm van grafiese opkikkering. Kontak Chariné Erasmus by tel. 072 799 8514

**HANDGEMAAKTE SEEP**

Ek verkoop handgemaakte seep. Dit is natuurlik en bevat GEEN chemiese middels of gifstowwe nie. Dit is belangrik vir gesondheid en welstand van die menslike liggaam. Dit word spesifiek aanbeveel vir mense met auto-immune siektes en alle velkondisies. Ek gaan ook binnekort Boerseep beskikbaar hê wat goed is vir die was van babas se klere en ook mense wat baie siek is. Ek het 'n beesvetreeks sowel as 'n Vegan-reeks wat hoofsaaklik van Klapperolie, Olyfolie en Palmolie gemaak word. Omdat die seep handgemaak en met die hand gesny word weeg elke sepie https://www.doterra.com/ZA/en_ZA/c/essential-oilsverskillend. Ek probeer om dit 100g te sny. Die prys is per gewig R50/100g. Jy is welkom om direk by my te bestel maar kan al my produkte op my "online shop" sien en ook daar bestel as jy só verkies. bnv.shopstar.co.za Magda van Staden 083-444-9307

**HERBAL LIFE**: Nedine Cronje; 084 684 3136

**JOU NUTSMAN**: Sweiswerk, herstelwerk aan houtkaste, elektries,verfwerk, elektriese hekke en "*garage*" deure. Skakel vir Hendrik van der Linden by tel: 067 154 3885

**STRANDHUIS TE HUUR:** Geskik vir 12 persone, 5 slaapkamers, 3 badkamers. Ruim, gemaklik en ideaal vir vakansie 500 m vanaf die strand. Kontak Annetjie by tel. 083 292 0720

**Pasteie:** Kontak Marie Greyling by tel. 082 664 9572

-





**Eredienstye**: **9 uur** Eerste diens, **11: 00** tweede diens. Audio-opname word op die webwerf uitgesaai

**Predikant:** Ds. Christo Swanepoel, Burgerlaan 113, Lyttelton Manor. Kontaknommer: 012 664 2195

Selnommer: 083 263 7641. E-posadres: **swanepoel.gerefkerk@gmail.com**

**Katkisasie** na die oggenddiens in die katkisasielokale enige navrae aan Adelle Drenth tel. 082 770 2710

**Bedieningskommissie:** Ouderling Kobus Erasmus: Selnommer: 082 334 1845

**Bedryfskommissie**: Helgard Cronjé: Selnommer: 084 336 8561

**Diakonie Voorsitter**: Diaken George Erasmus tel. 082 450 5888

**Susters Voorsitter**: Marie Greyling: tel. 082 664 9572

**Nuwe intrekkers** : Anita Schutte: Kontak tel. 072 360 1494

**Tesourier van die Susters**: Sussie Voogt by tel. 0082 892 7747

**Bankrekening van die Susters**: Gereformeerde Susters Komitee, ABSA Bank Lyttelton,

**Takkode 335045, Rekeningnommer: 600 340 239**

**Emosionele ondersteuningsgroep**: Trudie Grobbelaar: 084 589 5965 (pastorale terapeut en koördineerder)

**Die Silwerkrone Voorsitter**: Jan Plomp: Kontaknommer: Selnommer: 084 767 4880

**Orrelis**: Petrus Kruger: tel. 079 134 0578

**Koster**: George Lee tel. 082 778 5511

**Kerkkantoor**: Dirk Schoeman: Selnommer: 082 473 9135 gkerklyttelton@gmail.com

**Bankrekening van die Kerk: Gereformeerde kerk Lyttelton, ABSA Bank Lyttelton, Takkode 335045,**

**Rekeningnommer: 0600 340 077 (dui u naam en wyk aan vir bydraes)**

**Die Kassier**: Oudl.Kobus Robbertse: Selnommer: 079 820 1329

**Bankrekening van die Diakonie**: ABSA Bank, Takkode 632005, Rekeningnommer: 600 280 031

**Die Koerier:** Griet Swanepoel: tel. 0837462646 epos: grietswan21@gmail.com (saktyd Donderdagaand 22:00).

**Attes skriba**: Henry Engelbrecht, Selnommer: 082 680 6821. Epos: henryengel7@gmailcom.

**Skribas**: Oudl. Stefan Bezuidenhout tel. 082 880 2504

Oudl. Carl Pohl Selnommer: tel: 082 469 1620

Diak. Kobus van der Merwe: tel. 083 960 5249